

PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



APRIL
2016

OESTYD – as jy versuim om te beplan, beplan jy om te misluk



Eike pit tel. Gebruik jou tyd hierdie seisoen om daaroor na te dink. Ons het vanjaar 'n verskriklike droogte ervaar en as gevolg daarvan sal die mielieprys hoog bly. As boere moet ons alles in ons vermoë doen om opbrengste te maksimeer ten einde verliese wat veroorsaak word deur die droogte, te verhaal. Om dit te doen, moet ons seker maak dat ons oes operasies so presies as moontlik is, omdat elke pit regtig tel.

Ons moet so noukeurig as moontlik wees met elke aspek van die oes operasie, van masjinerie instandhouding tot die bemarking van jou graan.

Voordat jy begin oes, gebruik die tyd om 'n doeltreffende werkstrategie te ontwikkel. Dit behoort 'n masjinerie instandhoudingsprogram, 'n volgorde van werk en 'n bemarkingsplan in te sluit.

Masjinerie instandhoudingsprogram

Hier moet jy kyk na elke stuk toerusting wat sal werk tydens die oesseisoen, van die stroper tot die sleepwaens. Alles moet nagegaan word, met die hoofdoel om vermorsing soveel as moontlik te verminder. Gedurende 'n gemiddelde jaar kyk ons dikwels klein lekkasies in ons toerusting mis met verskonings soos "dit is nie so veel nie" of "die beeste sal die graan vreet". Maar die feit van die saak is dat ons elke jaar groot verliese ly as gevolg van masjinerie wat nie behoorlik in stand gehou word nie.

Maak seker dat die siwwe op jou stroper behoorlik geinstalleer is en dat hulle die regte grootte is vir die pitte wat jy oes. Kyk vir gate

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees Binne:

04 | Die hoe en waarom
van oesskatting

06 | Kanola – verminder
Sclerotinia stamvrot

08 | Doen jou sojabone 'n
guns deur vogbewaring



04

10

11





OUMA JANE SÊ....

Daar is so baie bewerings van korruptie in die nuus deesdae. Ons weet dat indien jy betrokke is by korruptie, is jy nie 'n goeie Suid-Afrikaanse wetsgehoorsame burger nie. Jy dra nie by tot die opbou van ons pragtige land en die skep van 'n tuiste vir toekomstige geslagte nie.

Dit het my gebring daarby om te dink daaroor, "Is ek 'n wetsgehoorsame burger? – so dikwels dink ons dat ander mense die wet oortree terwyl ons ook die wet oortree. Kom ons kyk na die gebruik van die paaie – stop jy by 'n stopteken? Hou jy by die spoedgrens op alle paaie? Steek jy verby waar daar 'n soliede wit lyn is? **Indien jy ja geantwoord het op enige van hierdie vrae, kom jy ook nie die wet na nie en is jy nie 'n goeie burger van Suid-Afrika nie.**

Het jy al ooit iets gevat wat nie joune is nie? Het jy al ooit iets verkoop wat nie joune is nie? Is jou werknekmers geregistreer vir WVF en maak jy die vereiste maandelikse bydraes? Is jy geregistreer vir inkomstebelasting en verklaar jy al jou inkomste vir belastingdoeleindes? Indien jy vir BTW geregistreer is, het jy al ooit BTW op items verklaar wat nie vir jou besigheid is nie? **Indien jy ja geantwoord het op enige van hierdie, is jy ook nie wetsgehoorsaam nie en is jy nie 'n goeie burger van Suid-Afrika nie.**

Indien jy in diens van die regering is – het jy al ooit 'n omkoopgeskenk van iemand geneem? Het jy al ooit 'n familielid van jou bevoordeel? Het jy al ooit 'n werk vir iemand gegee wat op enige wyse verband hou met jou, ten spyte daarvan dat hulle nie oor die vaardighede en opvoeding beskik vir die posisie nie? Het jy al 'n onwettige deel van enige transaksie wat jy moes fasiliteer geneem? Het jy al ooit regeringseiendom gebruik vir persoonlike gebruik? Het jy al ooit die GG motor vir persoonlike redes gebruik? **Indien jy ja geantwoord het op enige van hierdie vrae, is jy ook nie wetsgehoorsaam nie en is jy nie 'n goeie burger van Suid-Afrika nie.**

My pleidooi vir hierdie maand is – "laat ons saamstaan en verenig teen misdaad en korruptie". Kom ons word goeie wetsgehoorsame burgers en leef deur ons wonderlike grondwet. Dit is ons land en ons moet dit bou sodat ons kinders en hulle kinders 'n veilige en voorspoedige huis kan hê.

← Oestyd – as jy versuim om te beplan, beplan jy om te misluk



Gaan al jou oesmajinerie na en hou in gedagte dat jou hoofdoel is om vermorsing soveel as moontlik te beperk.

en duike. Gaan alle hegstuks en nate op jou stroper na om seker te maak dat daar geen gapings is waar saad kan lek nie. Maak seker dat jou awegaar goed werk en dat daar geen lekkasies in die graantank en op die awegaarpyp is nie. Maak seker dat die stropertafel korrek ingestel is volgens jou ryspasiëring.

Op die sleepwaens en vragmotors moet jy seker maak dat al die gapings en krake ook verseël is en dat die graandeure styf en veilig sluit. Lei jou personeel wat met die masjinerie sal werk op om te kyk en dubbeld seker te maak dat alles reg is voordat hulle vertrek om die graan te lewer aan jou punt van aflewering. Lei ook jou stroperdrywer op om altyd seker te maak dat hy die awegaar afskakel sodra hy klaar is met die uitrap van die graan en terugsit in sy bêrepositie. Ek het by verskeie geleenthede gehoor van bestuurders wat die awegaar laat loop en tonne en tonne mielies mors terwyl hulle stroop. Hierdie jaar kan ons nie enige ongelukke soos hierdie bekostig nie.

Volgorde van werk

Jy moet jou bewegings en die volgorde waarin jy jou lande sal stroop, beplan. Baie hiervan sal bepaal word deur die voginhoud van die graan, maar jy moet so goed as moontlik probeer om die mees doeltref-

Ons moet so noukeurig as moontlik wees met elke aspek van die oes operasie, van masjinerie instandhouding tot die bemarking van jou graan.

“

fende volgorde van bewerkings te bereken, sodat jy soveel koste as moontlik kan sny.

Alles loop met diesel en diesel is een van die grootste uitgawes van die oes-operasie. As jy effektiel beplan op 'n wyse wat afstande gereis vanaf die punt van oes, tot die punt van lewering kan verminder, kan jy 'n groot besparing op brandstof maak. Byvoorbeeld, as ek 'n land 5 km van my stoor af het en 'n ander 6 km weg, sal dit die meeste sin maak om dié twee lande op dieselfde tyd te oes. Dit sal my help om nie weer al die masjinerie daarheen te vat op 'n ander geleentheid nie.

Bemarkingsplan

As boere is ons "prysnekmers" wat beteken ons moet die prys wat bepaal word deur die mark, aanvaar. Ongelukkig is daar nie veel wat ons daaraan kan doen nie. Daar is egter verskillende strategieë wat jy kan



As boere moet ons alles in ons vermoë doen om ons opbrengs te maksimeer.

implementeer om seker te maak jy kry die beste moontlike prys vir jou graan.

- Soek rond – nie alle instansies betaal die selfde tarief nie, maak dus seker dat jy kry wat die meeste betaal.
- Kontrak – as jy 'n wakende oog hou oor wat in die mark gebeur, sal jy die prys wat jy vir jou oes op enige stadium kan kry, verskans. Maak seker dat jy met 'n makelaar konsuleer voordat jy hierdie strategie volg, want daar is risiko wat betrokke is. Ek het gehoor van boere wat vanjaar 'n prys van R3 500/

ton vir mielies verskans het en daarna het dit gestyg tot R5 000/ton, dus het hulle in wese R1 500/ton op hul mielies verloor.

- Berging - as boere is ons wel nie in staat om die prys vas te stel nie, maar ons kan besluit om nie te verkoop nie. Baie boere doen dit gedurende jare wanneer prysse laer is en wag vir 'n styging in die prys voordat jy besluit om te verkoop. Ek kan nie sien dat dit die geval sal wees vanjaar nie.

Boerdery gaan alles oor marges. Ons moet alles in ons vermoë doen om die marge van die potensiële

wins te verhoog en die marge van moontlike verlies te verminder. Die graan wat ons produseer, is konstant. Ons moet dus seker maak dat die masjinerie en toerusting wat ons kontant hanteer, nie rand en sent lek langs die pad nie. ☺

*Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer
inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.*



Pula Imvula se aanhaling van die maand

*'Luck is a dividend of sweat. The more you sweat,
the luckier you get.'*

~ Ray Kroc



Die hoe en waarom van oesskattting

Die huidige produksiejaar is een van die moeilikste in meer as dertig jaar met slegs 'n paar provinsies en distrikte wat reën ontvang het, wat van kritieke belang is vir die aanplant van 'n mielie-oes gedurende die beplante optimale vensterperiode vir plant.

Vroeë aanplantings in sommige provinsies het enorme hittestres ervaar van afwisselende hittegolwe wat al die beskikbare vogreserwes opgebruik het. Die moontlike finale opbrengs van die finale oesskattting sal slegs duideliker word gedurende Maart en April 2016, as gevolg van die gemengde plantdatums en verlies aan hoofsaaklik wit mielieproduksie in die Vrystaat.

Dit sal baie nuttig wees om in staat te wees om jou eie mielie-oes te evalueer, ten einde finale opbrengs en moontlike inkomste te skat, wat strek vanaf Mei tot Augustus 2016.

Redes vir 'n opbrengs bepaling

Die voorspelling van moontlike opbrengste sal jou in staat stel om die oesplan, vervoer en stoorkapasiteit vereis, te definieer. Sekerheid van opbrengs sal help met die maak van toepaslike besluite soos Safex bemarkingsposisies, jou toekomstige finansiële posisie en jou in staat stel om te kommunikeer met finansiële instellings of koöperasies oor moontlike gewasinkomste wat verwag word. Pryse sal afhang van die Safex termynmark en die Rand/Dollar wisselkoers. Raadpleeg Safex om die huidige en toekomstige pryse te sien om in staat te wees om jou moontlike oesinkomste te bepaal ná 'n opbrengsevaluering afgehandeld is.

Witmielies termynkontrakte verhandel teen sowat R4 850 per ton met geelmielies termynkontrakte 'n afgeleide van invoerkoste of invoerpariteit teen R3 450 per ton. Vir sommige boere kan 'n opbrengs van 2 t/ha tot 2,5 t/ha gelykbreek, of winsgewende vlakte wees.

Boere wat daarin slaag om 'n oes van meer as 2,5 t/ha wit of geel mielies dié seisoen te produseer, sal finansieel baie goed doen. In sommige gevalle sal dit die beste wees om 'n oes om te skakel in kuilvoer, of te bewei, omdat die verwagte



opbrengs op 'n vlak is wat nie die moeite werd is om te oes nie.

Produksie riglyne

Baie faktore wat 'n invloed het op produksie en kritiese plant groei stadium vir die baie kultivars wat beskikbaar is, sal opbrengsskatting beïnvloed. Dit sal veral belangrik wees in 'n droë, warm jaar met baie wisselende toestande van droogte en dan afwisselende donderbuie wat die plante help om vog te bewaar en verder te ontwikkel.

Wisselende klimaatstoestande kan die gepubliseerde maatstawwe ten opsigte van dae tot fisiologiese volwassenheid of oesdatum vir spesifieke kultivars, verander.

Die beste beleid is om die oes voor die tyd krities te ondersoek en 'n skatting so akkuraat as moontlik te maak, na gelang van die werklike stadium van ontwikkeling.

Mieliekultivars is in Suid-Afrika beskikbaar wat 105 tot 145 dae tot fisiologiese volwassenheid neem en 155 tot 180 dae vanaf plant tot oes. Jy moet aanteken hoe hierdie maatstawwe voorkom vir die mieliekultivars geplant op jou plaas. Bewaringsbewerking praktyke sal hierdie skatting verleng met 'n paar dae. Normale plantpopulasies wat gebruik word vir nuwe kultivars by droëland produksie wissel van 15 tot 20,000 plante per hektare vir laer potensiaal gronde, tot 18 tot 36,000 plante per hektare by hoër potensiaal gronde.

Die voorspelling van moontlike opbrengste sal jou in staat stel om die oesplan, vervoer en stoorkapasiteit vereis, te definieer.



Koppe

Gedurende die latere groeistadium V12, wat plaasvind 42 dae - 46 dae na opkoms, word die aantal pitrye, aantal potensiële pitte en die grootte van die kop vasgestel. Vog en hittestres op hierdie stadium sal lei tot beperkte kop ontwikkeling en finale opbrengs. Na hierdie stadium geskied die ontwikkeling van die kop vinnig. Tydens die eerste reproduktiewe stadium bekend as R1, is die eerste baard buite die blare sigbaar en die werklike pitgetal en pitgrootte word bepaal. Vogtekorte op hierdie stadium kan lei tot 'n verlies van 7% van die potensiële opbrengs per dag. Pitgewig word bepaal tydens reproduktiewe stadium R6.

Beoordeling van opbrengs deur die meting van kopgrootte

Die belangrikste faktore wat gemeet word by die bepaling van die opbrengs, is die aantal koppe per area eenheid, die pitte per kop en die gemiddelde massa van die pitte. Soos hierbo gesien kan word, hou in gedagte of die gewas stres ervaar het tydens kritieke stadiums soos beskryf. Koppe kan die beste ondersoek word op die vroegste teen die sagte deegstadium om die aantal rye en gedeeltes van rye wat suksesvol bestuif en ontwikkel is, te bepaal. Onthou om koppe in die helfte te sny, of versigtig die aantal rye te tel wat kan wissel tussen 8 en 20. Die gewone aantal sou moontlik tussen 12 en 16 wees. Kimmersiële

mielies met goeie koppe sou gemiddeld sowat 600 pitte oplewer.

Indien die gewas fisiologiese volwassenheid bereik het, kan 'n meer akkurate bepaling gemaak word.

Berekening van stappe

Tel die aantal koppe per 10 meter binne baie verteenwoordigende areas op die land wat bereken moet word, tel die potensiële pitte wat sal hard word om graan wat geoes kan word, te vorm op klein, medium en groot koppe. Gebruik 'n massa van 0,28 gram per pit om die massa van klein, medium en groot koppe uit te werk. As 'n algemene riglyn het klein koppe 'n massa van ongeveer 120 gram, medium koppe ongeveer 150 gram en groot koppe sowat 180 gram. As jy kan, moet jy verkiekslik 'n akkurate massa van die aantal pitte per kop uitwerk, of alternatiewelik die gemiddelde grootte van die koppe skat wat getel is binne die 10 meter of binne die ry.

Die meeste mielies sal geplant word in 0,92 of 0,75 meter rye of treinspoorrye. Daar is 108 per 100 meter rye of 10 800 meter planete op 'n hektaar, geplant in 0,92 breedtes en 133 per 100 meter rye in 0,75 rywydtes.

Dus, vir elke 10 meter punte wat getel is om die aantal koppe te bepaal, is die vermenigvuldigingsfaktor vir ons berekening 1 080. As 20 koppe getel is binne 10 meter, is daar $20 \times 1 080$ koppe per hektaar wat gelyk is aan 21 600 koppe per hektaar. Teen 'n medium kopmassa van 150 gram, is daar dus $21 600 \times 150$ gedeel deur 1 000 om kilogram (kg) per ha (1 000 g/kg), gedeel deur 1 000 (1 000 kg/ton) om die ton per hektaar opbrengs wat verwag word, aan te dui. Die antwoord sal wees 3,24 t/ha. 'n Mens kan konserwatief wees en 10% aftrek vir oorskattung en oesverliese om te kom by 'n finale afgeronde opbrengsskatting van 2,9 t/ha. Soos bereken kan word, kan 180 gram koppe 'n opbrengs van sowat 3,5 t/ha gee.

Samevatting

Hou baie droë of warm toestande wat deur jou mielies ervaar kan word in gedagte gedurende kritieke groeistadiums, wanneer jy 'n beraamde en konserwatiewe skatting van potensiële opbrengs voor die werklike oes van jou gewas bepaal.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.



KANOLA – verminder Sclerotinia stamvrot

Sclerotinia stamvrot (*Sclerotinia sclerotiorum*) is een van die wêreld se grootste bedreigings wanneer dit kom by kanola produksie en die verkryging van hoë opbrengste.

Tot 2013 was die uitwerking van die siekte op die Suid-Afrikaanse kanolabedryf beskou as weglaatbaar klein. Sedert 2014 het die bestuur van die siekte egter moeiliker geword en die feit dat dit nie bestuur is nie, het geleid tot laer as die gemiddelde opbrengs.

Simptome en ideale toestande

Simptome is 'n grys, verbleekte letsel op die stam van die kanola plant. 'n Wit swam sal onder ideale omstandighede die letsel bedek. Dit word gewoonlik gevind op die onderste deel van die hoofstam, maar dit kan voorkom op die hele plant. Waar die infeksie voorkom, sal die plant gewoonlik verwelk, wat sal lei tot vroeë rywording.

Hierdie vroeë rywording (afsterf van plante) sal saadverlies en opbrengsvermindering veroorsaak. Gevorderde infeksie kan waargeneem word as swart, onregelmatig gevormde, ronde vergroeielsels in die stam. Die sclerotia (ronde vergroeielsels) is die oorlewingstruktuur van die swam.

Figuur 1: *Sclerotinia* lewensiklus.




Die lewensiklus van *Sclerotinia*.

Lewenssiklus

Die lewensiklus van sclerotinia kan gesien word in **Figuur 1**.

Sclerotia sal slegs ontkiem onder ideale toestande wat soos volg opgesom kan word:



Kanola teen 20% blom – 15 oop blomme en peule op die hoofstam.



Tabel 1: Identifisering van die blomstadiums van kanola.

Blomstadium	Oop blomme op die hoofstam (ingesluit peule)
10%	10
20%	14 tot 16
30%	20

“ Die tydsberekening van die swamdochertoeidiening is die belangrikste faktor om te oorweeg wanneer jy besluit om te spuit teen die siekte.

- Langdurige nat grondtoestande.
- Temperatuur tussen 11°C tot 14°C vir 'n tydperk van tot tien dae tydens vroeë blom.
- Nat plant toestande (mis en dou) vir 'n lang tydperk tydens blom.

Die volgende faktore kan bydra tot Sclerotinia risiko op jou land:

- Dik en digte blaredak.
- Kanola of lupiene wat onlangs op die land teenwoordig was (sclerotia kan tot ses jaar in die grond oorleef).
- Siektevoorkoms gedurende die laaste oes wat besmet was.
- Afstand vanaf die laaste besmette oes.
- Reën en nat toestande tydens blom.

Bestuur van sclerotinia

Gedurende die afgelope paar jaar is uitgebreide toetse op verskillende swamdochters gedoen en die resultate is belowend op die grootste deel van die proewe. Tans is twee produkte geregistreer vir gebruik teen sclerotinia op kanola, naamlik Amistar en Prosaro.

Die tydsberekening van toediening is die belangrikste deel van jou toediening, omdat die vensterperiode vir die korrekte stadium baie klein is. Die doel van die swamdochertoeidiening is om soveel blomblare as moontlik te bedek, om te verseker dat die chemiese middel ook die blaredak binnedring om potensiële infeksie areas te help beskerm (soos blaaroksels en basisse). Die chemiese middel is net aktief op blare teenwoordig ten tye van toediening. Die chemiese middel sal nie blomblare wat na toediening opkom, beskerm nie, maar die teenwoordigheid van die middel binne die blaredak kan help om infeksie te beperk. Die swamdochters kan nie infeksies wat reeds die stamme binnegedring het genees nie, vandaar die behoefte om die swamdochter toe te dien voordat daar beduidende blomverlies is wanneer toestande bevorderlik is vir sclerotinia besmetting. Dit is belangrik om die swamdochter op soveel van die geel blare as moontlik te spuit voordat blomblaarverlies voorkom, wat gewoon-



Kanola teen 30% blom – 20 oop blomme en peule op die hoofstam.

lik is teen 20% tot 50% blom. **Tabel 1** kan gebruik word as 'n gids om die optimale tydsberekening van swamdochertoeidiening te bepaal.

Samevatting

Die tydsberekening van die swamdochertoeidiening is die belangrikste faktor om te oorweeg wanneer jy besluit om te spuit teen die siekte (wat gebaseer is op die genoemde faktore). Monitor jou oes deeglik en voortdurend vir korrekte tydsberekening. Dit is belangrik om te onthou dat verskillende kultivars verskillende groeiperiodes het, asook verskillende blompercentasies. Maak seker dat jy al jou lande verken voor bespuiting vir die ideale tyd vir daardie spesifieke gebied.

Wanneer 'n pro-aktiewe, geïntegreerde bestuurstelsel wat wisselbou, kultivarkeuse, bemestingsprogram en swamdochters insluit, behoort sclerotinia stamvrot nie 'n probleem in jou kanola oes te wees nie.



Doen jou sojabone 'n guns deur vogbewaring

Beplan jou bewerkingsisteem sodat dit jou grondvog sal opbou en bewaar.

Sojabone word gewoonlik verbou in rotasie met ander gesikte gewasse in jou boerderygebied, óf onder besproeiing, óf onder 'n droëland produksiestelsel. Hierdie artikel sal 'n paar van die faktore ondersoek wat in gedagte gehou moet word tydens die toepassing van 'n vogbewaringsprogram by droëland sojaboonproduksie.

Beskikbare waterkapasiteit op grond van grondtekstuur

Voordat ons kyk na die beskerming van die oppervlak van die grond, is dit belangrik om iets van die grond se fisiese eienskappe te verstaan. Grondtekstuur en struktuur beïnvloed tot 'n groot mate waterinfiltrasie, deurlaatbaarheid en waterhouvermoë. Grondtekstuur verwys na die samestelling van die grond en die verhouding van klein, medium en groot deeltjies klei, slik en sand.

Grondstruktuur sluit in die rangskikking van die gronddeeltjies hierbo genoem, in stabiele eenhede wat aggregate genoem word, wat aan grond sy struktuur gee. Aggregate kan los en bros wees, of hulle kan uitstaande eenvormige patronen vorm. Jou bewerkingsmetodes, wisselbou en bestuurspraktike sal grootliks bepaal of jy aggregate bou of afbreek oor die langtermyn.

Die poreuse struktuur van grond word bepaal deur die ruimte tussen gronddeeltjies en

bestaan uit lug en water. Grond teen veldkapasiteit sal ongeveer 50% lug en 50% water in die profiel hê. Dit is die ideale toestand om na te streef by besproeiing of droëland produksie. Ander faktore wat belangrik is by die ondersoek en opbou van jou grond, is waterinfiltrasie tempo, of beweging van water vanaf die grondoppervlak in die grondprofiel en deurlaatbaarheid, wat die vermoë van die grond is om beweging van lug en water deur die grondprofiel toe te laat in die wortelsone, sodat 'n balans bereik kan word om maksimum opname van die plantvog en voedingstowwe te stimuleer.

Hoeveel water kan gestoor word in die grond teen veldkapasiteit?

Die belangrikste klasse van grond word in **Tabel 1** getoon, met die voghoukapasiteit van elke tipe in mm vir elke 10 cm gronddiepte. Onthou dat elke grondtipe, met genoeg diepte om ekonomies lewensvatbaar te wees, wat in produksie gehou word onder droëland verbouing, sal lae bogrond, ondergrond en kleilae bevat, elk met 'n ander vermoë om vog te behou.

Ideale gronde vir droëland produksie sal 'n oppervlak deklaag met goeie struktuur in die bogrond hê, ondergrond oor 'n kleilaag, sodat wanneer gevul word met water, kan help om vog te behou in die hele grondprofiel.

By 'n Westleigh grond byvoorbeeld, met 'n effektiewe gronddiepte van 120 cm, met 90 cm bogrond en ondergrond wat bestaan uit 'n sandleem oor slik klei, sal die hoeveelheid vog wat gestoor kan word, 90 cm gedeel deur 10 cm x die waterhouvermoë soos bo getoon, wat 11 mm per 10 cm plus 13 mm per 10 cm x die balans van 30 cm is, die hele grondprofiel opmaak. Die antwoord is dat die hele grondprofiel 174 mm of 30% van die jaarlikse reënval kan stoor in 'n gebied waar die jaarlikse reënval gemiddeld 600 mm is.

Indien jy hierdie hoeveelheid vog voor die plantseisoen kan stoor, sou dit jou in die mees ideale posisie plaas om in staat te wees om betyds te plant en vir die gewas wat ontkiem in staat stel om goed te groei vir ses weke tot twee maande voor aanvullende reën vereis word.

Verbetering van bewaringsvog

Jou verbouingstelsel, of dit konvensionele of deklaagbewerking is, moet geïmplementeer word om vogbewaring te verbeter. Saam met die gewasse wat verbou word in 'n roteringsiklus, moet die stelsel die maksimum hoeveelheid plantreste tussen gewasse op die grondoppervlakte laat om infiltrasie van reënval te bevorder en die bogrond en laer grondprofiel los hou deur die korrekte gebruik van skeurtandimemente of gesikte tandimemente, sodat enige reënval die hele profiel sal deurdring. Effektiewe beheer van onkruid, verdampingtranspirasie tot 'n minimum te beperk, moet in werking gestel word deur meganiese of chemiese beheer deur die wisselboustelsel.

Samevatting

Hou al die belangrike grondfaktore in gedagte wanneer jy 'n verbouingstelsel beplan wat jou grondvog opbou en instandhouding sal verbeter, ten einde jou droëland sojabone die beste moontlike kans sal gee om te oorleef gedurende droogteperiodes in die groeiseisoen.

Tabel 1: Beskikbare water kapasiteit op grond van grondtekstuur.

Tekstuur klasse	Beskikbare water kapasiteit (mm per 10 cm gronddiepte)		
	Laer reeks	Hoër reeks	Gemiddeld (afgerond)
Growwe sand	2,08	6,25	4
Fyn sand	6,25	8,33	7
Leem sand	9,17	10,00	10
Sand leem	10,42	11,67	11
Fyn leem sand	12,50	16,67	15
Slik leem	16,67	20,83	19
Slik klei leem	15,00	16,67	16
Slik klei	12,50	14,17	13
Klei	10,00	12,50	11

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.



Wat om in April met jou sonneblomme te doen

Plant en oes kan 'n baie lonende onderneming wees as jy die moeite doen om dinge reg te doen. Jy moet tyd neem om jou bedrywighede sorgvuldig te beplan en nie kortpaaie te vat nie.

Omdat sonneblom 'n geharde gewas is en baie verdraagsaam is vir droogtetoestande, sal daar ongetwyfeld baie boere wees wat vanjaar eerder sonneblom as mielies geplant het. Maak seker dat jy kyk na jou oes ten einde die meeste daaruit te kry.

Teen hierdie tyd sou die meeste van jou basiese werk gedoen gewees het, soos plant en spuit. Die sonneblom moet óf blom, of afdroog. Daar is baie belangrike faktore om te oorweeg op hierdie stadium:

- Onkruidbeheer;
- Blaarvoeding;
- Plaagbeheer;
- Oesvoorbereiding; en
- Bemarking.

Onkruidbeheer

Die oes van sonneblom kan 'n ingewikkeld operasie wees, omdat die sade relatief klein is. Dit beteken dat baie van die algemene onkruidsaad ook in die stroper kan beland en meng met

“Onthou altyd om te probeer om soveel as moontlik uit jou oes te kry.”

die sonneblomsaad as gevolg van die grootte. Dit is waarom dit van kardinale belang is om te probeer om jou sonneblomlande so skoon as moontlik te hou.

Onkruidsaad wat in jou graan gemeng is, kan 'n negatiewe impak op jou graad hê en dus op die prys wat jy vir jou gewas sal kry. Tref spesiale voorsorg met die uitwissing van alle Datura onkruid (Olieboom), omdat hulle baie hoofbrekkings tydens oestyd kan veroorsaak. Indien jy 'n groot persentasie Datura in jou graan het, sal sommige instellings dit nie aanvaar nie, wat sal veroorsaak dat jy ekstra koste sal hê om jou sonneblomsaad skoon te maak. Gebruik eerder die tyd voor oes om jou lande deur te gaan en al die ongewenste onkruid uit te kap. Dit kan jou groot uitgawes in die toekoms spaar.

Blaarvoeding

Indien jou oes lyk asof dit 'n goeie potensiaal het, is dit dalk 'n goeie opsie om te oorweeg om dit aanvullende voedingstowwe te gee. Dit word gewoonlik gedoen deur bespuiting op die punt van kopvorming, net voor die sonneblomkop oopmaak. Baie boere dien blaarvoeding, of chemiese bespuiting van Boor toe, wat die opbrengs van jou oes 'n hupstoot kan gee indien toestande gunstig is.

Plaagbeheer

Wanneer 'n sonneblomkop sy saad gemaak het, is dit 'n groot trekpleister vir baie peste, veral voëls soos duiwe en kwêlavinke. Dit is waarom dit belangrik is om te probeer om jou oes so gou as moontlik af te haal. Maak seker dat alles gereed is om te werk sodra die sonneblom droog genoeg is om te oes. Baie boere tref voorkomende maatreëls ten einde te probeer om die skade wat veroorsaak word deur voëls, te bekamp.

Hierdie maatreëls kan insluit voëlvierskrikkers, skiet en harde gaskanonne wat groot knalle loslaat om die voëls af te skrik. Hierdie maatreëls kan effektief wees vir 'n kort tydperk, maar voëls leer vinnig dat daar geen werklike bedreiging is nie en gaan voort om jou oes op te vreet.

Oesvoorbereiding

Soos ek reeds voorheen gemeld het, is tydsberekening alles en moet jy al jou toerusting gereed kry om te werk sodra die oes droog genoeg is om te oes. Gaan deeglik deur al jou masjinerie om seker te maak dat jy geen probleem sal hê sodra bedrywighede begin nie. Tref spesiale sorg wanneer jy deur jou stroper gaan om seker te maak dat daar so min saad as moontlik vermors sal word. Dit beteken dat jou tafel in 'n goeie werkende toestand moet wees en die siwwe moet almal geïnstalleer wees en perfek werk.

Maak seker dat jy die kafwaaiers kontroleer en hulle korrek stel sodat hulle nie te sterk blaas wat ook saad sal mors nie. Ten slotte, gaan deur al die sleepwaens en vrugmotors wat die graan sal aanry om seker te maak dat daar geen gappings en openinge is waar graan sal uitlek nie.

Bemarking

Jy moet 'n goeie plan hê waarheen jy gaan om jou produk te verkoop. Maak seker dat jy probeer om die beste moontlike prys vir jou graan te kry, omdat winsmarges altyd klein is, veral in 'n droë jaar soos die een wat ons so pas ervaar het. Hou 'n oog op die mark sodat jy die presiese waarde van jou produkte leer ken.

Onthou altyd om te probeer om soveel as moontlik uit jou oes te kry. Dit is die enigste manier om vandag geld in die landbou te maak. Alles kom neer op jou bestuur en jou aandag aan detail.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
gavmat@gmail.com.**

Graan SA gesels met...

Remember Wiseman Mthethwa



Kennis, tegnologie, harde werk en 'n passie vir wat hy doen, is wat Remember Wiseman Mthethwa die toegegewe boer maak wat hy is. Remember is deel van die Gevorderde Boere Program, 'n 250 Ton Klub lid en is tans die voorstitter van die Amajuba Studiegroep in Newcastle.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer in die Dannhauser gebied, tussen Dundee en Newcastle in die noorde van KwaZulu-Natal. Ek huur die plaas Milnedale van mnr Albert Eicker van Pretoria, wat 612 ha groot is. Dit was 'n familieplaas, maar was vir baie jare nie bewoon deur die familie nie en is uitverhuur aan verskeie boere sedert die laat 1940's. Ek het daarin geslaag om die lande uit te brei na 200 ha. Toe ek aanvanklik begin het, was daar sowat 40 ha grond beskikbaar, met 'n paar baie ou braaklande.

Verlede jaar het ek 'n 14 ha naburige kleinhoewe aangekoop, Greenvale, wat basiese varffasilitete en 'n paar lande gehad het. Ek huur 80 ha grond van mnr Henk Zaal op die plaas Lilydale en 'n verdere 20 ha van mnr Willem Raubenhorst.

Ek het 260 ha mielies en 53 ha suikerbone vanjaar aangeplant, nadat ek 'n paar van my vorige huurlande verloor het. Ek bedryf 'n 140 bees eenheid, waarvan ek 80 koeie met kalwers het. Ek het ook 'n 12 sog teeleenheid, 70 skape en 52 bokke. Die varke is 'n rede-like intensiewe besigheid en ek gebruik van my

mielies om hul voer te meng om die koste laag te hou. Tans sal ek genoeg mielies hê om deur te kom tot oestyd – dit maak 'n baie groot verskil in die lig van stygende voerkoste.

Wat motiveer/inspireer jou?

Ek het grootgeword op die plaas Lilydale en gewerk en gebly by Mnr Louis Alberts, maar ons het ook geboer vir onself. Mnr Alberts was my rolmodel – hy het hard gewerk, het hy ons hard laat werk en hy het die hele spektrum van ondernemings op die plaas bestuur. Ek het geleer om te sien dat boerdery my lewe is – dit gee my gesin kos, 'n inkomste en ook 'n toekoms. Dit is belangrik vir ons nasie ook, omdat alle mense voedsel nodig het om te lewe.

Beskryf jou sterk- en swakpunte

Sterkpunte: My sterkpunte is die vaardighede wat ek geleer het – verbouing, lewende hawe en kennis wat nodig is op die plaas. Ek werk hard en het 'n passie vir wat ek doen. Ek geniet dit ook om met mense te werk, diegene te help wat ek kan en leer van diegene wat iets het om aan te bied. Ek is bereid om nuwe dinge te probeer en is oop om alles te probeer, ek voel nie beperk nie.

Swakpunte: My swakpunt is dat ek nie hoog geleerd is nie en dikwels benodig ek hierdie vaardighede. By tye kan hierdie beperkings baie frustrerend wees, maar ek streef daarna om te verbeter.

Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toe ek in 2012 begin het, was my opbrengs swak – witmielies was 2 t/ha en geelmielies was 3 t/ha. Op daardie tydstip was dit beter as wat ons by die huis behaal het, maar ek kon sien dat die kommersiële boere baie beter doen en ek wou ook verbeter. My eerste oes was op 40 ha.

Verlede jaar was ook 'n droë jaar vir ons, maar ek het daarin geslaag om naby aan 4 ton gemiddeld te oes. Hierdie jaar lyk die oes beter ten spye van die droogte – ek glo ek het die potensiaal binne my en op hierdie lande om 6 t/ha te produseer. Sommige van die lande kan 7 t/ha gee, geen lande moet minder as 5 t/ha oplewer nie. Dit is egter nog steeds in die hande van die Skepper om te bepaal wat die opbrengs vanjaar sal wees.

Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Kennis en tegnologie. Ek het begin om grondmonsters te neem en beter landboutechnieke toe te pas deur beter saad, chemikalië en kunsmis. Wat verbouing betref, glo ek my toekoms lê in die grond en moet dit daarom verbeter. Waar ek kan, gebruik ek hoendermis om die grond (humus vlakke) te verbeter. Ek het geleer uit my foute en is altyd bereid om nuwe metodes te probeer. Hierdie jaar het ek begin om geen-bewerking te probeer om te sien hoe dit gaan.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy nog wou doen?

Toe ek begin het, het Seda my bygestaan met besigheidsopleiding en bestuursvaardighede. Die Departement van Landbou het gehelp met opleidingskursusse, veral aan die vee kant. Die Suid-Afrikaanse Brouerye projek het vanjaar opleiding aan 'n paar van ons gegee en ek het ook opleidingskursusse deur Graan SA bygewoon. My mentor het ook gehelp met opleiding in die veld en verduidelikings.

Ek wil graag my vaardighede ontwikkel in die ingenieurswese en instandhouding, sweis, ensovoorts.

Ek het nie 'n spesifieke mieliekursus gedoen nie en wil graag een doen en dit verder neem na 'n meer gevorderde kursus, omdat dit my vernaamste gewas en agribesigheid is. Ek wil ook graag meer oor presisie boerdery leer en die tegnologie wat beskikbaar is daaroor gebruik, veral GPS monitering en programme.

Wanneer risiko na vore kom, kan waardevolle lesse geleer word



Diversifisering van jou onderneming sal 'n groot effek hê daarop om risiko's teen te werk.

In 'n vorige artikel het ons risiko's gedefinieer as die moontlikheid dat onvoorsien, onbeplande, onnatuurlike, buite die gewone, onverwagte gebeure kan voorkom en 'n verlies van enige aard kan veroorsaak.

Onthou dat jy as 'n boer moontlike risiko's in die gesig staar wanneer jy begin met die produksie van 'n landbouproduk. In breë trekke staar jy produksie risiko's, bemarkingsrisiko's en finansiële risiko's in die gesig.

Tydens die produksieproses kan verskeie gebeure soos onsekere klimaatstoestande (droogtes, vloede, hael, ergé ryf) en die voorkoms van rampe soos veldbrande en die uitbreek van plant en veesiektes voorkom.

Tydens die bemarkingsproses kan gebeure voorkom wat die bemarkingsproses kan ontwrig en/of prys nadelig beïnvloed. Die verlies kan fisies wees – jy kan nie jou produkte bemark nie (brûe beskadig tydens 'n vlood). Of die prys van jou produkte kan daal as gevolg van een of ander oorsaak buite jou beheer.

Finansiële risiko's kan 'n laer inkomste en/of probleme met die handhawing van 'n positiewe kontantvloeiposisie wees en dus die fi-

nansiële sukses van die besigheid beïnvloed. Dit moet beklemtoon word dat produksie, bemarking en finansiële risiko's ten nouste met mekaar verband hou.

Verreweg die meeste van ons boere het die droogte ('n lang risiko) beleef, wat beklemtoon dat 'n boerdery by verre die moeilikste besigheid is om te bestuur en dit is nie vir mense wat bang is vir risiko's nie. Ongelukkig sal dit nie die laaste droogte wees nie. Suid-Afrika wat een van die droër lande in die wêreld is, is geneig om droogtes op 'n gereelde basis te kry, daarom moet ons boer daarmee in gedagte.

Die erkenning van die feit dat die droogte groot probleme veroorsaak het, alles met negatiewe finansiële resultate, moet 'n mens egter probeer om positief te bly. Wat kan ons dus leer uit die ervaring van die droogte? Is daar iets om te leer? Dit is absolut nodig om die gevolge van die droogte teoorweeg en wat gedoen kan word om die gevolge van 'n droogte in die toekoms te verminder. Jy sal jou bestuur moet verbeter as jy wil oorleef as 'n boer. Die droogte sal verbygaan en wanneer jy jou boerdery voortsit, oorweeg die volgende.

So ver as wat die produksieproses betref, is ons van mening dat die droogte beklemtoon het

dat, indien dit enigsins moontlik is, jy jou uiterste bes moet doen om jou boerdery te diversifieer in meer as een onderneming. Diversifikasie behels 'n kombinasie van boerderyondernemings wat nie onderhewig is aan dieselfde risiko's nie. Diversifieer met gewasse wat verskillende groeiperiodes het en nie ewe vatbaar vir droogte is nie. Die byvoeging van 'n lewende hawe onderneming, sal 'n groot invloed hê in die stryd teen die gevolge van risiko's. Hoe meer divers die ondernemings is, hoe meer risiko's word teengewerk.

Die droogte het ook die volgende beklemtoon, "doen die basiese dinge reg". In die praktyk, boer met wat jy ook al boer, so korrek as moontlik. Berei jou lande korrek voor, plant op die regte diepte, pas behoorlike onkruid en plaagbeheer toe. Indien 'n droë tydperk plaasvind en jou mie lieplante met onkruid moet kompeteer vir vog, sal die nadelige invloed erger wees.

Die toepassing van bewaringsboerderyprakteke is ook uitgelig. Bewaringsboerdery kan beskryf word as 'n volhoubare, winsgewende boerderystelsel wat grondversteuring verminder deur minimum bewerking en rotering van gewasse met die doel om soveel as moontlik plantmateriaal (deklaag) op die grond te laat, wat waterinfiltrasie verhoog.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 ▶ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson

► 082 854 7171 ▶ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel

► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks

► 018 468 2716 ▶ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg

Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ▶ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ▶ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ▶ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ▶ Nonhlanhla Sithole

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ▶ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 084 582 1697 ▶ graeme@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ▶ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ▶ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

Julius Motsoeneng

Noordwes (Taung)
► 072 182 7889 ▶ julius@grainsa.co.za

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Graan SA gesels met... Remember Wiseman Mthethwa

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Wat sou jy graag wou bereik?

Die is lekker om te dink oor dinge, maar om daar te kom, is iets anders. 'n Mens moet realisties wees, erken dat dit baie harde werk sal wees, kapitaal (dit voel net soos 'n droom) en onvoorspelbare klimaat en toestande. Ek sou graag die beste tegnologie beskikbaar wou gebruik, presisieboerdery wou toepas en dit alles op my eie doen. Ek wil graag my eie plek hê. Huur is riskant, omdat ek baie moeite insit en elke keer as ek verbeter, gaan die huur net op.

Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

My raad is om 'n PASSIE vir boerdery te hê, hard te werk, toegewy te wees en die geleenthede te gebruik. Moenie wag vir iemand anders om alles vir jou te doen nie, begin met wat jy het en moenie haastig wees nie. Leer wat jy kan, uit die foute wat jy maak en van ander. Jy sal nie altyd baie rente op jou verdienste maak nie, maar jy moet volhard – boerdery is nie 'n hoë opbrengs besigheid nie.

Kennis is ingewikkeld, jy kan leer daaroor, maar jy moet dit beoefen en diegene kry wat dit al gedoen het om jou te help leer.

Die droogte het my geleer dat water kosbaar is, vir mense, diere en vir verbouing. Alles moet gedaan word om hierdie hulpbron te verbeter, te stoor en baie versigtig te gebruik.

In my vrye tyd dink ek voortdurend hoe om myself en my bedryf te verbeter. Ons nasie het voedsel nodig.

Diegene wat daaraan dink om te begin boer, moet noukeurig oorweeg wat hulle REGTIG wil hê, te veel mense wil boer en om plase te kry, is eintlik NIE boere nie. As 'n boer moet jy in staat wees om te vertrou op jouself en in staat wees om dit self te doen. Moenie dink jy kan staatmaak op ander of kontrakteurs om dit vir jou te doen met jou beste belang op die hart nie. Jy moet in staat wees om dit SELF TE DOEN.

**Artikel verskaf deur Graeme Engelbrecht,
Ontwikkelingskoördineerde van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere,
KwaZulu-Natal. Vir meer inligting, stuur 'n
e-pos na graeme@grainsa.co.za.**

Wanneer risiko na vore kom, kan waardevolle lesse geleer word

Sover dit vee betref, doen wat jy moet doen met jou vee. Dit is van die uiterste belang om 'n behoorlike veldbestuurstelsel toe te pas en nooit, nooit oor te bewei nie. Pas die aanvaarde norm vir die weidingskapasiteit vir jou area te alle tye toe. Dit is ook belangrik om 'n voerbank op te bou (maak hooi en/of kuilvoer) as 'n reserwe indien jy 'n droogtesituasie moet hanteer. Indien dit enigsins moontlik is, bou 'n voerbank op wat jou in staat sal stel om jou basiese kudde te handhaaf vir ten minste 'n jaar.

Sover dit bemarkingsbestuur betref, diversifieer die bemarking van jou produkte en kyk na die aspek van waardetoevoeging tot jou produkte. As jy dink jy is 'n te klein boer om waarde aan jou produkte te voeg, wat van die vorming van 'n groep?

Met betrekking tot finansiële bestuur, is die gebruik van 'n behoorlike begroting ook uitgelig. Dit beteken om jou besigheid behoorlik te beplan, te begin met gedetailleerde produksie bestuursprogramme vir elke onderneming en daaruit 'n begroting vir die finansiële jaar vooruit. Dan moet jy boer volgens jou plan.

Berei jou lande korrek voor, plant op die regte diepte, pas behoorlike onkruid en plaagbeheer toe.

Om op te som, oorweeg om jou besigheid te diversifieer en bewaringsboerdery toe te pas, die basiese dinge reg te doen en streng volgens jou plan en begroting te boer.

Die sleutel tot die versagting van die gevolge van negatiewe gebeure is bestuur – beplan, organiseer, implementeer en beheer so korrek as menslik moontlik. In die geval van 'n baie ernstige geval, soos 'n langdurige droogte, kan jy dan vrede hê – jy het gedoen wat jy kan.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mccacc.co.za.**